

APRIL 2014

Bulletin

Amptelike nuusbrieff van die Munisipaliteit Overstrand

INWONERS WORD VOLWAARDIGE HUISEIENAARS



Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie, Raadslede Rudolph Smith en Mercia Andrews, asook Frankie Frans en ander amptenare van die behuisingsafdeling het die oorhandiging bygewoon waar Hawston-inwoners titel-aktes van huise ontvang het.

Menige harte was oorstelp van vreugde toe hulle verneem dat hulle nou volwaardige huiseienaars word.

Nie minder nie as 100 geregistreerde titelaktes is op Vrydag, 7 Maart 2014, deur die Burgemeester, Nicolette Botha-Guthrie, bygestaan deur Raadslid Rudolph Smith aan inwoners van Hawston oorhandig. 'n Verdere 127 titelaktes word later in die maand deur die Administrasie oorhandig.

Die Burgemeester het haar toespraak veral

toegespiet op die belangrikheid van 'n titelakte. Sy het begunstigdes aangemoedig om verantwoordelik daarmee op te tree en dus ook eienaarskap van die verantwoordelikheid te neem.

"'n Titelakte is 'n onbetwisbare bewys van eienaarskap. Die titelakte oor 'n eiendom gee waardigheid en sekuriteit, asook sekere regte aan die eienaar en sy/haar afhanklikes. Dit skep ook 'n ekonomiese waarde, aangesien die eiendom kan verkoop. Indien die eienaar die eiendom wil verbeter (wat 'n verbetering in

lewenstandaard teweegbring), kan hy/sy dit aanbied as sekuriteit aan 'n finansiële instelling/finansier. Verder kan die titelhouer die eiendom as deel van sy/haar erflating bemaak," het Burgemeester Botha-Guthrie gesê.

Volgens Frankie Frans, Bestuurder: Behuisingsadministrasie, is daar reeds 582 geregistreerde titelaktes vir Hawston en daar is 270 nuwe registrasies tot hede vir die 2013/2014 finansiële jaar. Gemelde registrasies vorm deel van die titelaktes wat op 7 Maart 2014 oorhandig is.

BRING U STEM OP WOENSDAG 7 MEI UIT

Suid-Afrikaners sal op Woensdag, 7 Mei 2014 na die stembusse toe gaan om hulle sê te sê oor wie ons pragtige land moet regeer. Dit sal ook die 20ste herdenking van 'n Suid-Afrika vry van apartheid wees en van 'n demokrasie wat alle burgers toelaat om te stem.

Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie wil 'n ieder en 'n elk aanmoedig om seker te maak dat hulle gaan stem by die stemlokaal waar hulle geregistreer is.

Persone wat liggaamlik ongeskik, gestremd of swanger is of wat nie by hulle aangewese stemkantoor kan stem nie, het die geleentheid om vanaf

7 tot 17 April 2014 om 'n spesiale stem by die plaaslike OVK-kantoor in Magnoliastraat, Hermanus aansoek te doen.

Navrae kan gerig word aan die OVK-vertegenwoordiger, Mosile Koloko, by 028 313 8917.

Spesiale stemme kan op 5 en 6 Mei 2014 vanaf 09:00 tot 17:00 tuis of by die stembusse uitgebring word.

Jong mense wat 18 jaar of ouer is en nog nooit gestem het nie, word veral herinner aan hulle reg om te stem en ons hoop dat almal van julle daardie reg sal uitoeven!

HERMANUS GERAT OM INTERNASIONALE BRANDBESTRYDERSDAG AAN TE BIED

Die wêreld sal op 4 Mei Internasionale Brandbestrydersdag vier - 'n dag van herdenking aan die wonderlike diens van die dapper mans en vroue wat met brande en noodgevalle bystand verleen. Ons bring ook hulde aan die brandbestryders se hoogste opoffering om hul lewens tot diens van die mensdom te wy.

Die Wes-Kaap is een van die land se ergste geteisterde veldbrandgebiede, waar brande gedurende die lang, warm somers 'n natuurlike verskynsel is. Die werk van die Overstrand Munisipaliteit se Brandweer-, Reddingen Rampbestuursdiens is onontbeerlik in hul pogings om die biodiversiteit van die streek te bewaar.

Sluit vanaf 10:00 op Saterdag, 3 Mei 2014, aan by die brandbestryders van alle deelnemende munisipaliteite in die Wes-Kaap in hulle voertuigparade deur die dorp na die Ou Hawe Nasionale Museum en die Whale Tailamfiteater.

Die parade sal by Zwelihle-sportterrein begin, vanaf Swartdamweg na die Hoofweg (R43) in Hermanus se rigting beweeg en links draai by die hoofskool by die dorp se rand. Dit sal dan langs die Royalstraat-verbypad na die Lord Roberts-sirkel by Station Mall vorder en met Lord Roberts na die Marinesirkel afbeweeg Hoofweg se kant toe, tot by die Ou Hawe se parkeergebied en Gearing se Punt.

Die brandbestryders sal na die parade 'n erewag by die Oorlogsgedenkteken vorm om hulde te bring aan wyle kollegas en die broederskap en susterskap van hul edel beroep te vier. Besoekers sal die interaktiewe aktiwiteite terdeë geniet - bv. 'n verbymars, dril, vertoning van reddingspogings, operasionele en gespesialiseerde brandtoestelle.

Die vertonings van brandbestryding sal die hele gesin heeldag vasgehael hou.



WEG MET DIE VULLIS!

Die Munisipaliteit wil Overstrand se inwoners weer herinner aan die reëls oor vullisverwydering. Dit is noodsaaklik dat verhuurders en agente die inligting ook aan huurders en vakansiegangers oordra.

Inwoners moet daarop let dat huisvullis net op die dag van verwydering op die sypaadjie geplaas mag word.

Hoeveel vullis mag ek uitsit?

Slegs een x 240-liter drom (*wheelie-bin*), of vier sakke huisvullis, waarvan slegs een sak 'n tuinvullis-sak mag wees, kan uitgesit word. Daar is geen beperking op die aantal herwinningsakke (plastiek, glas, metaal en papier) wat saam met die huisvullis uitgesit word nie.

Maak tog seker dat oortollige vullissakke by die aangewese af-laaipekke geplaas word en nie by munisipale dromme nie. Dit is onhygiënies en lyk onaantreklik.

Hier is 'n lys van die dae waarop huisvullis in die onderskeie areas verwyder word - plaas asseblief u drom of sakke slegs op die betrokke dag om 07:00 die oggend op die sypaadjie.

DAE VAN VERWYDERING

Administrasie	Area	Verwyderingsdag
Kleinmond	Kleinmond, Bettysbaai, Pringlebaai Rooi Els, Proteadorp, Uitbreiding 6, Overhills, Mountain View	Maandag
Hermanus	Vermont, Fisherhaven, Voëlklip Onrus, Chanteclair, Berghof, Sandbaai Zwelihle, Mount Pleasant Westcliff, Northcliff, Hermanus Industriële Area Hemel-en Aarde, CBD Hawston, Eastcliff, Hermanus Heights, Kwaiwater	Maandag Dinsdag Woensdag Donderdag Donderdag Vrydag
Stanford	Stanford	Donderdag
Gansbaai	Pearly Beach, Buffelsjagsbaai, Eluxolweni De Kelders, Masakhane, Beverly Hills Franskraal Kleinbaai, Baardskeerdersbos Gansbaai, Masakhane, Beverly Hills, Blompark	Maandag Dinsdag Woensdag Donderdag Vrydag

BENODIG U VOERTUIG REGISTRASIE OF 'N LISENSIE?

Hier is 'n handige kontrolelys om seker te maak u hoef nie om te draai nie

Voordat u 'n motorvoertuig by Overstrand Munisipaliteit registreer of lisensieer, gaan deur die kontrolelys hieronder om te verseker dat u al die nodige dokumentasie het.

AANSOEK OM HERNUWING VAN LISENSIE (groen ALV-vorm)

- Bring saam:
 - Hernuwingskennisgewing
- Indien hernuwingskennisgewing verlore is, bring saam:
 - Identiteitsdokument (insluitend dié van die gevolmagtigde of verteenwoordiger, indien van toepassing)/Registrasiesertifikaat van die besigheid/Verkeersregistrasiesertifikaat
 - Voltooiëde ALV-vorm
- Indien u namens iemand anders aansoek doen, bring bogenoemde asook die volgende saam:
 - Toestemmingsbrief
 - Aanvaarbare identifikasie is noodsaaklik (insluitend dié van die gevolmagtigde of verteenwoordiger)
- Die koste vir hernuwing van lisensies is nie vasgestel nie, aangesien dit van voertuig tot voertuig verskil.

AANSOEK OM REGISTRASIE VAN VOERTUIG (blou RLV-vorm)

- Bring saam:
 - Identiteitsdokument (insluitend dié van die gevolmagtigde of verteenwoordiger, indien van toepassing)/Registrasiesertifikaat van die besigheid/Trustsertifikaat/Verkeersregistrasiesertifikaat
 - Gevolmagtigde of verteenwoordiger se ID
 - Voltooi afdeling A, B en C
 - Oorspronklike registrasiesertifikaat
 - Verkoopsooreenkoms OF NCO-vorm - onderteken deur albei partye en elke party se ID (koper en verkoper) plus kwitansie (bewys van betaling)
 - Padwaardigheidsertifikaat
- Indien u namens iemand anders aansoek doen, bring bogenoemde asook die volgende saam:
 - Toestemmingsbrief
 - Identiteitsdokument
- Die koste vir registrasie is nie vasgestel nie, aangesien dit van voertuig tot voertuig verskil.

AANSOEK OM VERANDERING VAN EIENAARSKAP (geel NCO-vorm)

- Bring saam:
 - Identiteitsdokument (insluitend dié van die gevolmagtigde of verteenwoordiger, indien van toepassing)/Registrasiesertifikaat van die besigheid/Verkeersregistrasiesertifikaat
 - Koper en verkoper se identiteitsdokument
 - Voltooi afdeling A - Verkoper, B - Koper en C - Besonderhede van motorvoertuig
- Daar is geen koste vir verandering van eienaarskap nie, op voorwaarde dat die lisensie geldig en op datum is.

Betaling kan in kontant, deur EFT, per tjek of kredietkaart geskied.

Bankbesonderhede vir elektroniese betalings:
Bank: ABSA
Naam van rekening: Overstrand Munisipaliteit
Rekeningnummer: 322 000 0035
Takkode: 632005
Verwysing: Lisensienommer van voertuig
Faks bewys van betaling na 028 313 8916

Overstrand Munisipaliteit is in Magnoliastraat, Hermanus geleë.
 Kantoorure: Maandag tot Vrydag: 08:00 - 15:15 (oop gedurende middagete-uur)

WATERPYPROJEK ONTVANG TOEKENNING

Overstrand se projek vir waterpyppervanging spog met 'n toekenning van voortreflikheid van SASTT (South African Society for Trenchless Technology) wat op 18 Februarie 2014 oorhandig is. Dit was die eerste keer dat die toekenning aan 'n munisipaliteit buite 'n metropool geskenk is. Dié projek het in 2007 begin en meer as 55 km van die munisipaliteit se 780 km waterpype is reeds vervang. Hierdie belangrike opgradering van infrastruktuur sal oor die hele munisipale gebied voortduur, met voorrang wat gegee word aan verouderde pype met die hoogste frekwensie van breuke.



Mike King, president van SASTT (links), Joop van Wamelen van SASTT, Mario Filippi van Lyners Raadgewende Ingenieurs, Hanré Blignaut, Adjunk-Direkteur Ingenieursbeplanning van Overstrand Munisipaliteit en Rob van Vuuren van WBHO Construction.

PASSIESPELE IN SE OU HAWE

Die Passiespel word vir die 19de agterteen volgende jaar op Goeie Vrydag (18 April) in die Ou Hawe van Hermanus aangebied. Die kern van die toneel handel oor Jesus se geboorte, lewe en kruisiging. Die rotse van die Ou Hawe dien as 'n speelvlak met die voetpaadjies, gras en heuwels as dekor vir die toneelspel wat vanaf 20:00 tot 21:30 duur. Ongeveer 80 plaaslike inwoners neem aan hierdie nasionaal bekende produksie deel. Nêrens in die wêreld word 'n Passiespel begelei deur die musiek van branders nie. Kaartjies sal by die ingang te koop wees. Kontak Fanus by 078 483 3080.

Die HARMONIC BRASS van München kom weer op pad hierheen!



Die HARMONIC BRASS (alt129) van Munich is weer op pad hierheen!

Hierdie koperensemble (trompette, Franse horing, tromboon en tuba) sal die gehoor beslis weer beïndruk! Bespreek u kaartjies vroeg by BELLINI GALLERY, telefoon 028 312 4988, sodat u nie hierdie merkwaardige ervaring misloop nie! Die konsert word om 19:00 op Saterdag, 10 Mei 2014 by die burgerouditorium in Hermanus gehou. **Navrae kan gerig word aan die sekretaresse Renê du Plooy by 082 940 4238.**

